KENNUUS

TEL: 011 955 1074 / 1081 FAKS: 011 955 1075
Posbus 3100 Kenmare 1745
Webwerf: www.laerskoolkenmare.co.za

JAARGANG 6 NUUSBRIEF 9 (1ste) 10 MAART 2011

UIT DIE HOOF SE PEN!

Vandag neem ons 'n blaaskans van die boelies en pak ons 'n taalles aan. Hoop hierdie definisies sal u help:

v ***Vleisbraai***
'n Partytjie waar die vleis dikwels 'n bietjie rou en die gaste 'n bietjie gaar is.

v ***Wittebrood***
Die vakansie wat 'n man neem voor hy vir 'n nuwe baas begin werk.

v ***Baba***
'n Soort engel waarvan die vlerke korter word soos die bene langer word.

v ***Belasting***
Die beloning vir harde werk, energie en spaarsamigheid

v ***Gesinsvakansie***
Wanneer jy alles saamneem waarvan jy eintlik wil wegkom.

Hoop dat u 'n week vol glimlagte beleef!



10 Maart	*Donderdag*	*TOETS: EBW (Gr 4 – 7)* *KNIKKIE: Rapporte uitgee* *KNIKKIE: Individuele foto's* *RUGBY & NETBAL: vs Laerskool Emfuleni Park (Tuis)*
11 Maart	*Vrydag*	*KNIKKIEKOOR: Oefening (08:00-08:30)* *REDENAARS: Senior Uitdunne (Intern)*
12 Maart	*Saterdag*	*RUGBY: Skeidsregters Evaluering (H/s Die Burger & L/s De La Rey)*
13 Maart	*Sondag*	
14 Maart	*Maandag*	*KNIKKIE: Ouer-onderhoude* *TENNIS: Jnr (14:00 – 15:00) Snr (15:00 – 16:00)* *Rugby- & Netbaloefening*
15 Maart	*Dinsdag*	*KNIKKIE: Ouer-onderhoude* *REDENAARS SNR: (In skoolsaal) (17:00)* *RUGBY & NETBAL vs Laerskool Constantia Park (Weg) (Vertrek 12:00)* *SKOOL SLUIT: GEWONE TYD VIR NIE-SPELERS*
16 Maart	*Woensdag*	*KNIKKIE: Ouer-onderhoude* *KOOR: Jnr (07:30) Snr (14:00)*

ONDERRIGGELDE

Met hierdie skrywe wil ons baie, baie dankie sê aan ons staatmaker-ouers, wat die skoolgelde so getrou betaal. U maak dit vir ons moontlik om ons vele verpligtinge na te kom. Nogmaals dankie.

Daar is egter enkele ouers wat nog nie betaal het nie, ons vra u samewerking in die verband. Kontak mev. Magda Senekal by die kantoor indien u probleme ondervind met die betaling.

In terme van Afdeling 39 van die SASA is ouers aanspreeklik om verpligte skoolgelde te betaal. Net weer die bankbesonderhede:

ABSA – KRUGERSDORP; TJEKREK.NO. 01099240152;
TAKKODE: 632 005; Naam: LAERSKOOL KENMARE,
meld asseblief die verwysingsnommer: (bv 3CRON04)

HONGER!!!! KOM ONS ONDERSTEUN KFC IN NOORDHEUWEL!!

Proud Supporter of your School
Noordheuwel 011 954 6793
it's finger lickin' good.™

PERSONALIA

Verjaarsdag:

Baie geluk aan Juff. Elsabè (12/3, Christa (15/3) en Anika (15/3) met hul verjaarsdae. Mag die lewensjaar geseënd wees en u baie liefde en vreugde beleef.

Kursusse bygewoon by Distrik:

E-learning : Mnr Paul & Juf. Marietjie

Reskilling & upskilling programme – Mnr Kallie

Daklekke, herstelwerk en onderhoud

Kontak vir Frik
082 897 7286

EXCLUSIVE LOODGIETERS

PERSOONLIK BETROKKE BY:
NUWE INSTALLASIES
GEYSERS
VERSTOPTE DREINE
GEBARSTE PYPE

SKAKEL JAN
083 626 6390

PLUMBING

NETBAL BEPALINGS 2011

10 Maart 2011	***Area Proewe: O/13's***	***Protearif***
10 Maart 2011	Laerskool Emfuleni (Rugby & Netbal)	(TUIS)
15 Maart 2011	Laerskool Constantia Park	(WEG)
15 Maart 2011	***Finale Proewe***	***Randfontein Primary***

24 – 26 Maart 2011 Netbalkamp: O/10 – O/13 A & B KONKA Kampe

12 April 2011	Laerskool Florida	(WEG)
14 April 2011	Bryanston Parralel	(TUIS)
16 April 2011	***GSS Proewe O/12 & 13 Randburg)***	***(Hoërskool Randburg)***
3 Mei 2011	Laerskool Fairland	(TUIS)
5 Mei 2011	Laerskool Helderkruin & Vastrap	(TUIS) (RUGBY)
10 Mei 2011	Laerskool Genl Christiaan de Wet	(TUIS)
12 Mei 2011	Laerskool Roodekrans	(WEG)
17 Mei 2011	Laerskool Dr Havinga	(TUIS)
19 Mei 2011	Laerskool Fontainebleau	(WEG)
24 Mei 2011	Laerskool Louw Geldenhuys	(TUIS)
26 Mei 2011	Laerskool Rooihuiskraal	(TUIS) (RUGBY)

RUGBY DATUMS 2011

10 Maart	*Rugby & Netbal vs Emfuleni*
12 Maart	*Hoërskool Die Burger*
15 Maart	*Rugby & Netbal Constantiapark (Weg)*
20 – 22 Maart	*0/9A, 0/9B & 0/10A KONKA*
27 – 31 Maart	*0/11 & 1e – span Grey Kollege*

LAERSKOOL KENMARE SE GHOLFDAG
20 MEI 2011

Ons gholfdag vind plaas 20 Mei 2011 op Krugersdorpse Gholfbaan.
Ons nooi ons ouers uit om deel te neem. Kostes soos volg:
'n Vierbal R1200.00
Die borg van 'n "nat"-gat R3000.00 (sluit 'n vierbal in)
Die borg van 'n "droë"-gat R1000.00 (Geen vierbal)

Kom geniet die dag saam met ons!
Kontak vir Juliet by die kantoor.

'n Ware Kunstefees in die kleine!
Wanneer? 16 – 17 September 2011
Waar? Hier by ons skool

Wie is betrokke? Wel, almal wat wil! Ons kore, revue-groepe en ander kultuurmaats gaan sommer lekker feesvier die naweek van 16 – 17 September. Baie van die skole teen wie ons altyd rugby, netbal, krieket, ens. speel, bring ook hulle kore, orkeste en revue-groepe.

Ons wil jou sommer noual uitnooi om daardie naweek beskikbaar te wees om te kom deel in die fees. Dis nie al nie! Daar gaan ook stalletjies wees met baie om te eet en te speel, net soos by 'n regte Kunstefees. Jy moet dus sommer nou al begin spaar sodat jy lekker kan koop.

Hou gerus die Kennuus dop vir meer nuus hieroor!!!

NOG STEEDS BANG VIR GR 4

Op spesiale versoek vir die ouers wat die kursus van Gr 3 na Gr 4 gemis het en dit

graag sou wou bywoon kontak Dr Arina Lanser 083 266 9575 of e-pos by alanser@mweb.co.za

CanCare nooi jou uit na die

Giorgio Trobec

Kuns Werkswinkel 2011

Moennie hierdie baie gewilde ervaring misloop nie. Alle kuns material word voorsien – een groot skildery sal gemaak word en jy sal 'n eind produk kry wat jy met trots in jou huis sal ophang.

Datum: 16-17 of 18-19 Maart
Plek: Afrique Boutique Hotel
Koste: R2850 p.p./ kursus
– Insl. Middagete, koffie, tee elke dag.
Maks. 7 persone per kursus
Bepalings en voorwaardes geld.
Kontak: Riani -083 209 2331

CanCare Fondsinsameling 2011



PSSST! LEES GOU HIER!!

Hoeveel van die plastiekskyfies wat gebruik word om die broodsakkies te verseël het ons almal nie al elke dag weggegooi nie?

Moet dit asb. nie meer doen nie! Ons Gr.5's maak dit bymekaar vir 'n Gemeenskapsprojek! Tannie Mary Honey wat in beheer van die projek is, verkoop dit aan 'n herwinningsaanleg en sy gebruik dan die geld wat sy ontvang om rolstoele vir mense te koop wat dit nie kan bekostig nie.

Kennies, kom ons maak ook 'n verskil en dalk kan ons sommer 'n paar rolstoele borg!

Net 2 maklike stappe:

1) *Versamel dit by familie, vriende en bure. Dit is min moeite ons hoef nie 'n sent te spandeer nie!*
2) *Ons sal jul laat weet wanneer jul dit skool toe moet bring! Hou net die Kennuus dop!*

Onthou ons skool se tema vir die jaar sluit baie goed hierby aan:

"VERKOOP JOU VOORBEELD!"

Kenmare wil graag dankie sê aan ‘n bekwame kunstenaar wat ons skool kom besoek het. Ilonka is ‘n kenner van houtskool tegnieke. Ons kinders kon sien hoe sy met die medium werk. Ons leerders in die Junior Fase is tans ook besig om met houtskool TE EKSPERIMENTEER. Baie dankie, Ilonka vir jou besoek!

“Ek sou kon doen met ‘n MILJOEN”

Hoe lyk die **Wiskunde Olimpiade** borgvorms?

Kom Kennies – as ons saamstaan in die span –
Wie weet – dalk máák ons die 1 000 000!!!



makro

STRUBENS VALLEY

Ouers het in die week vorms ontvang vir Makrokaarte.

Voltooi dit asseblief!! en stuur voor Dinsdag, 15 Maart terug skooltoe. (Dit werk soos die MY SCHOOL-KAART) Hoe meer kaarte aan die skool gekoppel word – hoe groter is die finansiële voordeel vir die skool – sonder moeite!!



Indien u reeds 'n kaart(e) het – meld die nommers op die vorm, dat dit aan die skool gekoppel word. Baie dankie dat u Laerskool Kenmare ondersteun!!



GAUTENG ATLETIEK

Ons sê baie dankie aan ons leerders wat deelgeneem het aan die Gauteng Atletiek-kampioenskappe. Alhoewel geen atleet Gauteng-kleure verwerf het nie het ‘n paar wel ‘n vyfde plekke behaal, hulle is Bianca Botha, Conrad Barnard, Marnè Kriedema, Mischa Janse van Vuuren en Shamonè Alblas. Baie geluk!

Redenaars

Senior Redenaars

Inskrywings vir die senior redenaars het gister (Woensdag) gesluit en die opgewondenheid loop hoog! Môre (Vrydag) hou ons interne uitdunne om te bepaal wie volgende Dinsdag, 15Maart, aan die Redenaarskompetisie gaan deelneem. Dankie vir jul harde werk tydens die voorbereiding – ons sien daarna uit om na julle te luister! Onthou: al val jy tydens die uitdunne uit, het jy nog steeds baie geleer en gegroei. Ons herinner net weer aan die onvoorbereide vraag wat vanjaar gevra sal word na afloop van die toespraak – dit sal informeel en ontspanne wees en oor die toespraak handel – die doel is om ons sprekers gemaklik te laat voel oor onvoorbereid. Beoordeling sal nou deur Me Yolande Herbst waargeneem word (Me Este Pienaar is ongelukkig nie meer beskikbaar nie) –ons is bevoorreg om haar hier te kan hê.

Junior Redenaars Graad 1-4

Leerders van bogenoemde grade wat ons met hul bekkigheid wil kom bederf, kan gedurende **September** aan die Junior Redenaarskompetisie deelneem. Hierdie kwartaal kom, soos gewoonlik, net die senior redenaars aan die beurt. Die temas vir 2011 is reeds deurgegee vir die ouers wat solank wil begin kopkrap – sterkte en mag die muse met jul wees!

ATKV –span 2011

Hierdie span van 16 lede word saamgestel uit die wenners van die Senior kompetisie (2011) en die wenners van die Junior kompetisie (2010). Die span word dus eers na afloop van die Senior kompetisie aangekondig – hou die Kennuus dop!!